higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N4

(Tweede vraestel)

(4090304)

26 Mei 2021 (X-vraestel)
09:30–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

Sakrekenaars en VYF verwysingsbronne, insluitend woordeboeke, ’n sakrekenaar, handboeke en studentelêers met lesaantekeninge, mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye en ’n antwoordblad van 2 bladsye.

066Q2J2126

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N4
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord enige DRIE van die vier vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.



Suntoy is 'n trots Suid-Afrikaanse maatskappy wat die Consol Solar Jar™ ontwerp en vervaardig. Herald Schulz, wat in Bregenz, Australië gebore is, is se Tegniese en Besturende Direkteur. Hy het dertig jaar ervaring in elektroniese en hidrouliese ingenieurswese. Hy het Suntoy in 2008 begin en dit tot 'n suksesvolle KMMO ontwikkel, wat ongeveer 60 personeellede in diens het.

Die Consol Solar Jar™ is 'n ware, hipertegnologiese, trots Suid-Afrikaanse produk wat oorspronklik ontwikkel is vir mense in landelike gebiede sonder elektrisiteit. Dit bespaar energie en is omgewingsvriendelik. Die Consol Solar Jar is nou wêreldwyd beskikbaar.

[Bron: *www.solar-jar.co.za*]

1.1 Verduidelik die ekonomiese belang van die produkte wat die "Proudly South African"-embleem dra. (8)

1.2 Identifiseer TWEE kreatiwiteitsmetodes wat gebruik is in die proses om die Consol Solar Jar te skep. Staaf jou antwoord. (6)

1.3 Beskryf DRIE voordele van 'n Consol Solar Jar. (2 × 3) (6)

1.4 Identifiseer TWEE persoonlike hulpbronne van 'n suksesvolle entrepreneur, wat tot Herald Schulz se sukses gelei het. (4)

1.5 Ontwerp 'n besigheidskaartjie (visitekaartjie) vir Herald Schulz. (10)

1.6 Suntoy het tot 'n suksesvolle KMMO ontwikkel, wat ongeveer 60 personeellede in diens het.

Waarvoor staan die afkorting KMMO? (2)

1.7 Naledi wil 'n geskenkwinkel in Vaal Winkelsentrum open. Daar is reeds drie geskenkwinkels in die winkelsentrum en elke winkel ontvang gemiddels3 500 klante per maand. Naledi weet dat sy in die eerste jaar nie haar volle markaandeel sal kry nie, en net op ongeveer 70% daarvan kan staatmaak. Sy verwag om 'n verkoopprys van ongeveer R150 per klant te hê en haar koste per klant is ongeveer R80. Naledi doen haar aankope by 'n verskaffer wat 20% afslag vir kontantaankope gee.

Bereken Naledi se bruto wins per maand. Gebruik die ANTWOORDBLAD (aangeheg). (14)

[50]

VRAAG 2

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

Alvada Creations (Edms) Bpk is 'n klerehandelsmerk wat in koel Afrika-drukwerkklere vir troues, matriekdanse en ander spesiale geleenthede spesialiseer. Die klerereeks sluit formele en informele mans- en vroueklere in. Tshukudu Phasha, die eienaar en stigter van Alvada Creations, reik na haar kliënte uit via sosialemediaplatforms soos Facebook, Twitter, Instagram en WhatsApp. Sy bedryf Alvada Creations in 'n winkelsentrum in Diepsloot.

[Aangepas uit: *Successful Woman Magazine*]

2.1 Ontwerp 'n handelsmerk vir Alvada Creations en verduidelik waarom jy dink dit 'n relevante handelsmerk vir hierdie onderneming is. (6)

2.2 Beskryf Tshukudu se doelmark met verwysing na geslag, ligging, inkomste en ouderdom. (8)

2.3 Watter tipe onderneming is Alvada Creations? Noem DRIE voordele van hierdie ondernemingstruktuur. (8)

2.4 Klassifiseer klere deur die korrekte antwoord uit dié tussen hakies hier onder te kies.

(Geriefsprodukte/Inkopieprodukte/Spesialiteitsprodukte). Staaf jou antwoord. (4)

2.5 Ontwerp 'n advertensie vir Alvada Creations. (12)

2.6 Jou vriend bedryf 'n spazawinkel. Sy voorspelde verkope vir die maand is R2 500, en sy vaste koste is R350 per maand. Hy het bereken dat hy goedere ter waarde van R900 moet koop om die voorspelde verkoopsyfer te genereer. Gebruik die ANTWOORBLAD (aangeheg).

2.6.1 Bereken die bruto wins en die netto wins vir jou vriend.

2.6.2 Bereken die bruto wins % en die netto wins % vir jou vriend se spazawinkel.

(2 × 6) (12)

[50]

VRAAG 3

3.1 *Best Pies* is 'n eenpersoon-onderneming wat deur Clifford Nyathi besit word. Hy verkoop pasteitjies by 'n afsetpunt naby die taxi-staanplek. Gebruik die volgende inligting om die geprojekteerde Kontantvloeistaat vir die volgende drie maande op te stel. Die onderneming het aan die einde van Januarie 'n gunstige banksaldo van R6 500 gehad. Gebruik die ANTWOORDBLAD (aangeheg).

MAAND	BERAAMDE VERKOPE	BERAAMDE AANKOPE
Januarie	5 500	3 000
Februarie	3 000	2 800
Maart	5 700	2 300
April	6 600	3 200

Ander inligting:

1. *Best Pies* het in Januarie 'n nuwe pasteitjiemasjien gekoop, en R900 deposito betaal. Die maandelikse betalings daarna is R250 vir die volgende twee jaar.
2. Die gemiddelde maandelikse uitgawes is R2 650 per maand.
3. 40% van aankope is op krediet. Best Pies betaal 30 dae later.
4. *Best Pies* gaan in Maart 'n ou toonbank vir R2 500 verkoop.
5. *Best Pies* gaan in April 'n nuwe rekenaar koop, waarvoor die deposito R1 200 en die maandelikse paaiemente R500 sal wees.

(24)

3.2

KLIK EN LYK DEFTIG

Effie is 'n nuwe huishoudelike toestel wat jou klere vir jou stryk. Jy kan jou klere eenvoudig uit die wasmasjien haal, dit op Effie hang en die beginknoppie druk. Hierdie ongelooflike toestel sal jou klere droogmaak en stryk.

3.2.1 Is Effie 'n uitvinding of 'n innovasie? Staaf jou antwoord. (4)

3.2.2 Gee DRIE redes waarom kreatiwiteit noodsaaklik vir hedendaagse ondernemings is. (6)

3.2.3 Noem DRIE marksegmente wat hierdie huishoudelike toestel aantreklik sal vind. (6)

3.2.4 Watter prysbepalingstrategie kan gebruik word om Effie in die mark bekend te stel? Staaf jou antwoord. (4)

3.2.5 Doen TWEE ander prysbepalingstegnieke aan die hand wat gebruik kan word om hierdie huishoudelike toestel te verkoop. Staaf jou antwoord. (6)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Jy beplan om 'n nuwe onderneming in jou plaaslike gemeenskap te begin. Ten einde jou kanse te verbeter om befondsing vir die onderneming te verkry, moet jy die sakeplan voltooi.

4.1 Voltooi 'n uitvoerende opsomming vir jou sakeplan. Dek die volgende onderwerpe:

4.1.1 'n Kort beskrywing van jou onderneming

4.1.2 Die sakedoelwitte wat jy in die volgende vyf jaar wil bereik. Noem TWEE doelwitte.

4.1.3 Die befondsingsbehoeftes, met inbegrip van eie en leningskapitaalvereistes vir jou sakeonderneming

(3 × 4) (12)

4.2 Stel 'n bemarkingsplan vir jou sakeplan op. Sluit enige DRIE komponente van die bemarkingsplan in. Wenk: Beskrywing van die doelmark, mededingerontleding, markstrategie, SWOT-ontleding en posisionering (hoe jy deur klante beskou wil word) (15)

4.3 Gee DRIE redes waarom jy dink jou besigheid suksesvol sal wees. (3 × 2) (6)

4.4 Noem VYF tipes voorbedryfskoste vir jou onderneming. (5)

4.5 Skep 'n profiel vir jou onderneming se verskaffers deur die vrae hier onder te lees en jou antwoorde in die verskaffer-profielkaart neer te skryf. Gebruik die ANTWOORDBLAD (aangeheg).

4.5.1 Wat is hul onderneming se naam?

4.5.2 Waar is hul onderneming geleë?

4.5.3 Hoe adverteer en bemark hulle hulself?

4.5.4 Noem DRIE van hul mededingende voordele.

(4 × 3) (12)
[50]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:**

VRAAG 1

1.7 **VERKOOPSCENARIOS**	
Markpotensiaal per maand	
Markpotensiaal-aandeel	
Verskafferontleding	
Maandelikse syfers	
Aantal eenhede wat in een maand verkoop moet word	
Maandelikse verkope	
Minus: Maandelikse eenheidskoste	
Bruto wins per maand	

(14)

VRAAG 2

2.6 2.6.1 Bereken die bruto wins en die netto wins vir jou vriend se spazawinkel.

BRUTO WINS	
NETTO WINS	

(6)

2.6.2 Bereken die bruto wins % en netto wins % vir jou vriend se spazawinkel.

BRUTO WINS %
NETTO WINS %

(6)

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

3.1 **KONTANTVLOEISTAAT**			
	FEBRUARIE	**MAART**	**APRIL**
Banksaldo begin van die maand			
Kontantverkope			
Kredietverkope			
Ander inkomste			
TOTALE KONTANT BESKIKBAAR			
Maandelikse uitgawes			
Kontantaankope			
Kredietaankope			
Ander betalings			
TOTALE KONTANTBETALINGS			
Banksaldo einde van die maand			

(24)

VRAAG 4

4.5 **VERSKAFFERONTLEDING**

4.5.1	Wat is hul onderneming se naam?	
4.5.2	Waar is hul onderneming geleë?	
4.5.3	Hoe bemark hulle hul produkte?	
4.5.4	Noem DRIE van hul mededingende voordele.	

(4 × 3) (12)

Kopiereg voorbehou